

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/11)

Justin Chadwick (1 Julie 2011)

GESEGDE VAN DIE WEEK “I contend that for a nation to try to tax itself into prosperity is like a man, standing in a bucket and trying to lift himself up by the handle” Winston Churchill

MALEISIË

DAFF het onlangs met owerhede by die Maleise Ambassade oor die 3P-merkvereistes vergader en die volgende punte is onder hul aandag gebring:

- 'n Grasietydperk van drie maande is verleen (dit is tot 1 Oktober 2011).
- Gedurende hierdie periode sal MAQIS beamptes by alle plekke van binnekoms slegs waarskuwings vir alle foutiewe etikette uitreik en geen regstappe sal geneem word nie. Die waarskuwings sal egter in ons databasis aangeteken word.
- CGA sal DAFF versoek om voor te gaan om die moontlike gebruik van bestaande etikette vir die mark te ondersoek, maar die vooruitsigte dat die Maleise owerhede hiertoe sal instem is skraal. Hierdie opsie is vir SA uitvoerders om ooreen te kom op 'n standaard formaat wat alle uitvoerders sal aanvaar en wat nie nodig sal hê om die aspekte oor sensitiewe inligting te vertoon soos vereis deur die algemene merkvereistes nie. Dit moet nog bepaal word of the Maleise owerhede tot die benadering sal instem of nie.
- Tot anders besluit moet uitvoerders die vereistes soos deur die Maleise owerhede uiteengesit aanvaar en die vrugte wat vir die mark bestem is, dienooreenkomstig merk.

HELICOVIR

Tien jaar van navorsing deur CRI het tot die registrasie van Helicovir vir effektiewe beheer van bolwurm in sitrus gelei. Enige produsent wat hierdie biologiese beheer vir bolwurm wil gebruik moet hul naaste River Bioscience agent kontak om dit so gou as moontlik met hul te bespreek (vir besonderhede van jou naaste agent, kontak Keith Danckwerts op 083 633 2336). Helicovir sal effektiewe beheer vir bolwurmlarwes verskaf mits dit toegedien word voor die larwes 10 mm in lengte is. Proewe het bewys dat Helicovir dieselfde beheer as konvensionele produkte verskaf en in sommige gevalle minder verlies van bemarkbare vrugte weens bolwurmskade tot gevolg het. Onthou dat Helicovir, Cryptogran, M3, Invader-Lure, Invader-B-Lok en Spot-on-B biologiese beheer middels is wat aan die produsente behoort. Ondersteun jul eie besigheid.

CRINET

Die voordele van 'n “connected” wêreld was weereens die afgelope week duidelik toe CRINET letsels/merke op sagte sitrus bespreek het. Ek wat nie tegnologie so vaardig is nie was verbaas oor die rykdom aan inligting, advies en teorieë wat die navraag laat ontstaan het: CRINET het bewys dat dit 'n fantastiese hulpmiddel is vir diegene in die sitrusbedryf wat in staat is om die ervare persone in die bedryf se “breine te tap”. Binne twee dae het die navraag terugvoering vanoor die lengte en breedte van die land ontvang. Die van julle wat tegnologie meer vaardig as ek is, en graag deel van hierdie nasionale dinkskrum wil wees, moet vir Tim Grout by CRI (tg@cri.co.za) kontak.

VK MEDIA BESOEK DIE SUID-AFRIKAANSE POMELO BEDRYF

Die wonder om internasionaal gekoppel te wees is weereens hierdie week tydens die VK media se besoek aan die Suid-Afrikaanse pomelobedryf in Nelspruit beklemtoon. VK kos-blogger—Kerstin Rodgers—het geblog terwyl terugvoering vanaf RED Communications oor hul navorsing oor die VK pomelomark en hul veldtog vir 2011 ontvang is. Vir diegene wat nie weet wat blogging is nie (insluitend myself voor hierdie week), basies verskaf Kirsten inligting, idees, kontraversionele verklarings ens, waarop haar getroue navolgers (ongeveer 25 000 van hulle) in werklike tyd en op 'n oop platvorm reageer; daar is dus nou die groot debat aan die gang oor Kerstin se nuutste onderwerp – in hierdie geval is dit die lekkerte van pomelo's eet. En het sy nie pomelo's geëet nie – te danke aan Johan Joubert van CRI, is die media-afvaardiging aan die lekkerte van om 'n reeks van pomelo-kultivars te eet, blootgestel. Interessant is dat die meeste saamgestem het dat Marsh en Star Ruby uitsonderlike produkte is; terwyl ander op unieke karakters gefokus het wat die oog van die verbruiker in die toekoms kan vang. Dankie aan Tim, Johan, Jean, Gloria, Cornel, Sandra, Hoppie, Marco en ander wat hulp tydens die afvaardiging se besoek verleen het.

GEPAK EN VERSKEEP

Tot Week 25 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Oorspronklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak	Finaal Verskeep
BRON: PPECB	2009	2010	2011	2010	2011	2011	2011	2010	2010
Pomelo's	10.6 m	10 m	11.6 m	8.9 m	11.5 m	14.7m	14.7m	12.5m	12.2m
Sagte Sitrus	4.9 m	5.6 m	5.1 m	4.8 m	4.7 m	7.9m	7.5m	7.5m	7.1m
Suurlemoene	4.6 m	6.2 m	5.6 m	5 m	4.8 m	9.8m	9.5m	9.6m	9.4m
Nawels	11.7 m	14.1 m	12.7 m	10.5 m	10 m	19.4m	18.6 m	22.9m	22.6m
Valencias	2.5 m	2.8 m	3 m	0.7 m	1 m	42.9m	42.8m	46.5m	45.9m
	30 m	33.7 m	32.6 m	26.1 m	26.6 m	94.7m	93.1m	99m	97.2m

PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF